

Inhoud Kolossense 3 Misterie Geheim hemel sondige natuur Hierdie preek wys dat die misterie van God is dat Hy mens word om mense weer mens te laat wees soos Hy hulle gemaak het. In afgodsdienste wil mense presies die teenoorgestelde die misterie beleef van mense wat goddelik word. Só wil hulle die aardse dinge van hul sondige natuur as hemelse ervarings beleef en daarna strewe. Dit is die teenoorgestelde as Christene wat strewe om die mens te wees wie hulle in hul vereniging met Christus as mens die hemel op aarde wil wees. Christene strewe na die heiligheid, foutloosheid en onberispelikeid wie hulle in Christus as mens is, terwyl goddeloses strewe na die krag, mag en lewe van God in die hemel.

Skriflesing Kolossense 1: 15 – 22; 26, 27; 2: 2, 8, 9, 18 – 3: 5.

Teks Kolossense 2: 2 Bedink die dinge daarbo, nie die dinge op die aarde nie.

Tema Ons strewe na wie ons in Christus is.

1. Christus maak ons mense wie strewe na wie ons in Hom is, nie wie ons in onself is nie. Daarom is ons mense wat met hemelse dinge op aarde besig is, nie mense wat met aardse dinge in die hemel wil besig wees nie.

Paulus is hier besig om 'n nuwe dwaling in die eerste Christelike gemeentes aan te spreek. Die dwaling wat hy hier aanspreek is vandag die algemene geestelike dwaling wat in al die kerke wêreldwyd gepreek en geleer word. Vandag word die dwaling van Kolosse geglo asof dit die eintlik ware godsdiens moet wees.

Kolosse was met aardse dinge in die hemel besig, terwyl Christus ons met hemelse dinge op die aarde besig hou. Dit is die dwaling om met die goddelike dinge en nie met menslike dinge besig te wees nie.

Paulus wys hulle op die totale teenstrydigheid van hulle dwaling. Hulle dwaling is dat hulle sogenaamde “hemelse dinge” is volgens die evangelie niks anders as sondige aardse dinge nie. Dit aan die een kant. Aan die anderkant is hulle glad nie besig met die hemelse dinge waarna Christene moet strewe en hul gedagtes moet op rig nie.

Dit is hierdie teenstelling en teenstrydigheid wat hierdie brief uitwys: die geestelike dinge waarmee hulle besig is, is niks anders as sondige aardse dinge nie, terwyl hulle glad nie met die hemelse dinge van Christus mee besig is nie.

2. Dit is die ontdekking wat ons saam met die gemeente Kolosse moet maak, wat is bo en wat is onder, wat is hemelse dinge en wat is aardse dinge!

Paulus sit in die tronk in Rome terwyl hy hierdie brief aan die gemeente Kolosse skryf. Paulus was nooit in sy lewe in hierdie dorp of gemeente gewees nie. Erastus

Ons strew na wie ons in Christus is

was die persoon wat die evangelie in hierdie dorp gepreek het waardeur die Here hierdie gemeente gevorm het. Erastus het Paulus in die tronk in Rome kom besoek en ondersteun, maar ook vir hom kom vertel van nuwe dwaling wat in die gemeentes Kolosse, Laodisea en Hiërapolis besig was om onder lidmate pos te vat.

Hierdie gemeentes onder Erastus se bediening was so tussen 100 en 160 kilometer van Efese af waar Paulus tydens sy derde sendingreis lank gewerk het. Dit was in die Lykosvallei in die gebied wat vandag Turkye is.

Paulus skryf saam met die brief Kolossense terselfdertyd die briewe Efesiërs en Filemon. Filemon was 'n ryk Christen in Kolosse wie se wegloop slaaf, Onesimus, deur Paulus se evangelieprediking in Rome tot geloof gekom het. Paulus vra Filemon in Kolosse om hom nou weer as slaaf en medegelowige terug te ontvang. Tichikus moes al drie briewe gaan aflewer, eers in Efese en dan in Kolosse.

3. Wanneer 'n mens die briewe Kolosse en Efesiërs saamlees, kom 'n mens agter dat dit baie plekke woordeliks ooreenstem. Hierdie briewe verskil ook heelwat van die briewe soos Romeine, Galasiërs, Thessalonisense en Korintiërs.

Hierdie verskil is belangrik. Paulus moet nou sy eie kerklike sendingwerk 'n nuwe geestelike dwaling van lidmate wat uit die heidendom tot geloof gekom het, aanspreek. Dit is eie aan die briewe Efesiërs en Kolosse. Die ander briewe is geskryf tydens die sendingwerk aan gemeentes oor hoe Christus ons regverdig maak. Dit is net deur die evangelie sonder die wet. In hierdie briewe moes Paulus die evangelie preek, verduidelik en verdedig teen die Joodse Christene wat die evangelieprediking ontstaan met hulle wettiese verlossing. Hulle wou gered wees deur hulle liefde, bekerings en gehoorsaamheid aan die wet en nie net deur Christus nie.

In die briewe Kolossense en Efesiërs gaan dit nou oor heidene wat hulle hele lewe afgode aanbid het, nie die Ou Testamentiese opvoeding van Jode gehad het nie, nie die Messias verwag het nie, en toe tot geloof gekom het.

Nou wil hulle baie van hul ou heidense afgodsdienste uitleef binne die gemeentes as deel van die geloof in en lewe met Christus. Dit is baie soos ons dit in die Afrika-kultuur ken in die Sionisme dat hulle die hele voorvader verering eintlik nog steeds wil beoefen, nou net in die naam van Christus met Christelike simbole en gebruike.

Van die Kolossense wou nou afgodsdienste, soos hulle dit nou altyd geken het, in die Naam van Jesus met Christelike simbole en gebruike uitleef binne die gemeentes en eredienste.

4. Die woord wat die kern van hul afgodsdienste is, is die woord "misterie" in die Nuwe Direkte Vertaling, die woord "geheimenis" in die 1983 vertaling en die woord "verborgenheid" in die 1953 vertaling.

Ons strewe na wie ons in Christus is

Die heidene wat tot geloof gekom het, wou nog die “misterie” van die afgodsdienste ervaar binne in die Christelike geloof in en lewe met Christus. Hulle wou misterieuse ervarings met God beleef, soos heidene, maar nou wou hulle dit in die Naam van Jesus ervaar. Dit is die kern van hul dwaling: om misterieuse ervarings te beleef waarin hulle die hemelse dinge van God met God self beleef – sy goddelike mag, lewe, krag en alles wie en wat Hy as God is. Hulle wou God se goddelikheid as hulle eie ervaar en hierdie ervaring is dan hulle “misterieuse verhouding met God. Hier beteken misterieus dat om so intiem persoonlik een met God in sy goddelikheid te wees, dat jy deel in God se goddelike dinge.

Dit is wat Paulus met die woord “kosmiese elemente” uitwys. Hulle soek die goddelike kragte van die natuur as hul eie kragte in hul lewe. Om hierdie goddelike kragte en lewe te kan beleef, is hulle dan besig met sogenaamde “hemelse dinge”. Dit word genoem die aanbidding van engele en die sien van allerhande visioene.

Hulle wou nou in die Naam van Jesus hierdie goddelike ervarings uitleef asof hulle ou heidense godsbelewensisse nou Christelike godservarings is.

5. Vandag word hierdie heidense passie in die Christelike kerke genoem: die ervaring van ’n intiem persoonlike verhouding met God! Dit is hoe dieselfde heidense “misterie” van die Kolossense vandag gesoek word: met die benaming: “’n intiem persoonlike verhouding met Jesus.”

Dit is dan vandag ’n geheimenisvolle verhouding met God op so wyse dat Jesus nou kamstig jou laat deel in die vereniging en eenheid met God se goddelikheid. Jesus gee jou nou kamstig die geheimenisvolle ervarings waarin God se krag, God se lewe, God se mag, God raadsbesluite, God se beskikking en voorsienigheid nou jou eie is.

Net soos met die Kolossense is dit nou die hemelse dinge wat jy beleef deur verhoudings met engele en deur goddelike visioene. So! Waarmee is die Kolossense en vandag se nuwe heidendom in die kerke kamstig besig? Hulle is besig met hemelse dinge! Die hemelse dinge daarbo, volgens hulle self.

6. Paulus wys op hulle misterieuse dwaling eerstens deur aan die woord “misterie” sy werklike Christelike inhoud terug te gee.

Wat is volgens Paulus dan die werklike “misterie” van God?

Dit verkondig hy in Kolossense 1: 13 – 20! Die misterie is dat Jesus as Seun van die Vader self die Skepper van hemel en aarde is, alles is deur Christus, en tot Christus geskep. Hy is voor Hy alles gemaak het al self Skepper gewees. Hy is as God die eniggebore Seun van die Vader. Die misterie is dat God self mens geword het, aan

Ons strewe na wie ons in Christus is

die kruis vir sondaars gesterf het en uit die dood weer as lewende mens opgestaan het om vir altyd mens in die hemel aan die regterhand van die Vader te wees.

Die misterie van God is dat Hy mens geword het en mens is vandag!

Dit is presies die teenoorgestelde as alle heidense misteries. In al hulle geestelike geheimenisse word mense goddelik, deel van die krag, lewe en mag van God. Die evangelie van God is presies die teenoorgestelde! Hier word God 'n mens om vir altyd Skepper en mens in Homself te wees.

Dit is hoe Paulus dit in Kolossense 2: 2 verkondig. Die volle rykdom van allesomvattende insig is die misterie van Christus. In wie Christus as mens vir sondaars is, is al die verborge skatte van wysheid en kennis.

7. Die misterieuse verbintenis met God is dat Christus in Christene is. (1:27)

In hierdie vereniging met wie Christus as mens in ons plek is, deel ons in alles wie Christus as mens was en vandag is. Só is Christene heilig, sonde foute en onberispelik vir God. (1:22)

Hoe? Deur Christus se liggaam, deur dit wat Hy as mens is. Hy was die onheilige sondaar vol van al ons foute en het vir alles ingestaan waarvoor ons berispe moet word. Dit is die woorde van Filippense 3: Syne is myne en myne is Syne. Ek is heilig, sonder foute en onberispelik in my vereniging met alles wie Christus as mens in my plek is en Hy was die veroordeelde en gekruisigde onheilige vol foute in my plek. Ons is verenig met Christus as mens wie self die Skepper ook is. Dit is die diep geheimenisvolle en misterieuse band wat ons met Christus het – een met Hom as mens.

Dit was glad nie die misterie wat die Kolossense wou beleef nie. Hulle wou nie een wees met God as mens nie, maar een wees met wie God as God is. Hulle wou nie as mense onskuldig, regverdig, heilig, foutloos en onberispelik in God se liefde wees nie, maar deel wees van die krag, mag en lewe van God self.

8. Ons kan dit met 'n voorbeeld toelig!

Wat is die geheimenis, die diep verborge bedoeling van wie 'n kind vir 'n ouer binne in 'n ouer is?

Dit is dat sy of haar kind die kind sal wees wat hulle verwek het volgens wat hulle weet hierdie kind is volgens sy persoon en talente. In hulle wil hulle hê dat hy of sy die kind sal wees wie die kind in hulle harte is.

Wat is die geheimenis en diep verborge bedoeling van tienerkinders vir mekaar?

Ons strewe na wie ons in Christus is

Dit is dat hulle in mekaar en deur mekaar die grootmens sal wees wat hulle hulle self verbeel hulle is. Hulle groot geheimenis is dat hulle in mekaar groot mense is. Dit is die diepste geheimenis van alle kinderbendes.

Daarom is wie 'n kind vir sy ouers is en wie 'n kind vir sy tienervriende is, altyd presies die teenoorgestelde van mekaar en in direkte konflik met mekaar. In ouers en kinders se eenheid met hul ouers, is hulle die kinders wat hulle bedoel is om te wees. In vriende is kinders kamstig die grootmens wat hulle vir mekaar verbeeld hulle is.

9. Wat is die misterie van ons verbintenis met Christus?

Dat Hy ons die goddelike mense maak wie ons ons verbeel ons is, saam met al die ander mense wat ook goddelik wil wees, of dat Hy ons die menslike mense maak wat God ons gemaak het om te wees.

Wat is ons misterieuse, geheimnisvolle band met Christus?

Dat hy ons met Hom as mens in die hemel verenig om saam met hom heilige, foutlose en onberispelike mense vir God is omdat Hy vir ons die onheilige mens aan die kruis was?

of

Dat ons deel van die goddelike lewe, krag en mag van Christus as Skepper is?

Wanneer ons deel is van die geestelikes van hierdie wêreld dan is ons soos die grootmense wie tieners wil wees, net so goddelike soos Jesus! Net soos God! Wanneer ons in Christus ingesluit is, dat is ons die mens vir God soos mense bedoel is om mens vir God te wees: mense heilig, foutloos en onberispelik in die liefde van ons Skepper!

Dit is die geheimenisvolle verenig wat ons met Christus as God het – ons is een in wie Hy as mens in die hemel is. Want die misterie is dat God mens geword het, nie dat mense goddelik word nie.

10. Bedink die dinge daarbo, nie die dinge op aarde nie.

Dit is die nuwe lewenswyse van Christene! Watter dinge waar bo? Paulus stel dit direk en duidelik: streef na dit wat daarbo is, waar Christus aan die regterhand van God sit! (3:1)

Ons strewe na wie ons in Christus is

Die dinge daarbo is dat ons saam met Christus gesterf het en ons lewe saam met Christus in God verborge is. (3:3) Dit beteken dat die onheilige mens vol foute wat ek myself met my eie sondes maak wat berispe, bestraf en veroordeel moet word, bestaan nie meer vir God nie.

Toe Christus as heilige mens gesterf het onder die oordeel van God as onheilige mens, is die mens wie ek vir God moet wees, onheilig, vol foute en berispelik vir altyd weg gevat voor God. Ek sal nooit weer so mens vir God wees nie, ten spyte van al my sonde.

Die verborge lewe wat ek nou in my vereniging met Christus leef is die lewe van elke dag waar ek altyd vir God net heilig, sonder foute en onberispelik is. Die dinge daarbo wat ons moet bedink en na strewe, is ons heiligheid, foutloosheid en onberispelikheid vir God as mense!

Die dinge daarbo waarmee ons moet besig wees, is nooit goddelike visioene in die hemel en goddelike verhoudings met engele nie. Die dinge daarbo is altyd ons heiligheid, foutloosheid en onberispelikheid vir God as mense op aarde.

11. Wat is die goddelike dinge wat mense in die hemel wil bedink?

Paulus noem dit in 2: 23 die dinge wat die sondige aard van die mens bevredig!

Ons sondige aard is nie sommer maar net 'n swakheid nie. Kinders se wangedrag saam met hul tienermaats is nie maar net 'n swakheid nie. Dit gaan oor hoe sterk hulle is, nie hoe swak hulle is nie. Hulle krag is hul innerlike drif om grootmense te wil wees.

Alles wat hulle kan doen wat hulle soos grootmense voel, bevredig hulle drif om nie kinders te wees soos hulle kinders is nie. Dit is hierdie krag in hulle, om as kinders grootmense te wil wees, wat hul verkeerde geaardheid is.

Net so! Mense se sondige aard is om nie te dink hoe om mense te wees soos mense bestem is om te wees nie, maar om goddelik te wil wees: met die lewe, krag en mag van God te leef!

Dit is hierdie aardse sondige dinge, om God se goddelikheid met Hom te beleef, wat mense glo is die hemelse dinge waarna hulle moet strewe. Dit is gewoonlik wat vandag in alle verhouding met God wat as intiem persoonlik ervaar word, na gestrewe word. Om die mistiek, die geheimenisse te beleef van eenheid met God se lewe en krag.

Hierdie goddelike dinge wat mense na strewe en bedink wys Paulus is nie die misterie van Christus en die misterie van ons eenheid met Christus nie. Dit is die

Ons strewe na wie ons in Christus is

aardse dinge van sondaars se sondige geaardheid. Al hulle engele en visioene is ervarings van hul aardse sondige natuur, nie hemelse dinge nie.

12. Is dit hoe ons lewe? Deur te strewe na die dinge daarbo in die hemel waar Christus vandag mens is?

Dit is die geheimenis van 'n lewe op aarde wat strewe na die dinge daarbo: om te leef in die vaste geloofsekerheid ek is vir God in sy liefde 'n heilige, foutlose en onberispelike mens in my vereniging met Christus.

Om te wil leef in die geloofsekerheid, ek is vir God se liefde heilig, is hoe ons strewe na die dinge daarbo by Christus. Om te wil leef in die geborgenheid al doen ek sonde, is ek vir God foutloos, is hoe ons besig is met die dinge daarbo waar Christus is. Om te leef met die innerlike rus dat ek voor God strafloos, sonder enige veroordeling is terwyl ek met oortredings sukkel, is hoe ek strewe om die lewe daarbo waarin ek ingesluit is te leef hier op aarde: die lewe waar al my sondes met Christus weg gevat is en ek in Christus vir God se liefde heilig is.

Ons mag nooit deel van die moderne heidendom in die Christelike kerk word en ons verbeel die dinge van ons sondige aard, is die hemelse dinge waarna ons moet strewe en bedink nie.

Wie met God goddelike ervarings wil deel deur een te wil wees in sy lewe, sy krag, sy mag en Naam, is nie met hemelse dinge besig nie, maar met die aardse dinge van mense se sondige natuur.

13. Ons moet weer die misterie Christus en ons vereniging met Christus ontdek!

Ons is al so afgebreek met die kamstige goddelike ervarings van mense wat 'n intiem persoonlike misterie met God beleef waar hulle met visioene en engele glo hulle beleef God se goddelikheid met Hom, dat ons voel hulle het 'n diep geheimenisvolle verhouding met God en ons het net 'n gewone verhouding met God!

Wat wys die nagmaal ons? Wie leef in die misterie van Christus?

Dit is hulle wie die brood eet en die wyn drink. Wie deel is van die liggaam en bloed van die Here Jesus as mens in die hemel! Die tekens van brood en wyn wys nie op goddelike dinge nie, maar op wie Jesus as mens vandag is!

Christus gee vir ons sy liggaam om daarmee verenig te wees, nie sy goddelikheid as Skepper nie. Ons deel in die lyding, kruisiging, sterwe en opstanding van Jesus as mens, sodat ons vir Hom as god in sy liefde heilig, sonder foute en onberispelik sal wees in hierdie vereniging met Hom.

Ons strewe na wie ons in Christus is

Die nagmaal is nie 'n maaltyd met god waarin ons saam met God die fees vier dat ons in sy goddelike lewe, goddelike krag, goddelike mag en Naam deel nie. Die is die nuwe heidense nagmaal in kerke!

Elke gelowige leef in 'n misterie, 'n geheimenis en verborgenheid! Nie net sommige wat meer innig met God is as ander nie. Ons leef in die misterie dat God die Skepper self 'n mens in ons plek geword het om ons in te sluit in wie ons as mense vir god bedoel is om te wees: mense wie in sy liefde as God vir Hom heilig, sonder foute en onberispelik is.

Daarom moet om in hierdie geheimenis waarin ons leef altyd strewe na wie ons daar bo in Christus aan die regterhand van die Vader is: strewe om te leef in die geloof van ons heiligheid, ons foutloosheid en onberispelikheid wat ons vir God is.

Ons mag nooit strewe na die dinge van ons aardse sondige natuur nie – om misterieuse ervarings van ons eie goddelikheid te wil beleef in die Naam van Jesus nie. Dit is die geestelike dwaling van die moderne heidendom in die Christelike Kerke, net soos in die gemeente Kolosse.